

Klaus Lübberttree UIT



Waar begin 'n mens om dankie te sê? Ek voel ek is aan ieder en elk groot dank verskuldig vir elke bydrae, hulp en ondersteuning.

Aan die bestuurslede:

Tjaart, ondervoorsitter van formaat, wat my plek by meer as een geleentheid volgestaan het. Dankie my vriend en regterhand op bestuur. Ek weet dat wanneer jy die leisels oorneem sal dit, met jou vaardigheid en kennis, net goed gaan by Rietvallei;

Trix, ons sekretaresse, jy het baie dinge gedoen waarvan ons nie altyd geweet het nie maar dit was gedoen sonder dat ek nodig gehad het om daaroor te bekommer. Jou geesdrif was kenmerklik en dit het ons ander op ons tone gehou.

Elsabe, hoe bedank ek jou genoegsaam vir die Rietstok se metamorfose van 'n gewone nuusbrief tot 'n bekroonde "glansblad". Jy verdien die pryse wat jy daarmee losgeslaan het!

Lizette, wat die grootste deel van die jaar en die vorige jare die finansies behartig het, moes ongelukkig die tuig neerlê weens werksdruk. Ek wil haar besonder bedank vir haar

toegewydheid terwyl sy baie besig was by die werk.

Lucille is op kort kennisgewing op bestuur gekoopteer om die finansies by Lizette oor te neem. Jy het vinnig geleer en het alreeds die spore van jou voorganger begin volstaan.

Dankie ook aan Hennie wat die pligte as addisionele lid behartig het. Jy is altyd gereed om behulpsaam te wees.

Margriet, ons senior burger verteenwoordiger. Jy het die seniors onder jou vlerk geneem en jy trek hulle saam by verskillende geleenthede, en almal raak meer en meer betrokke. Dankie vir die groot vrag werk wat jy doen!

Ek bedank ook graag al die gades van die bestuur. Julle werk baie keer harder op die agtergrond as ons, en daar is nie regtig woorde om julle te bedank nie!

Dankie ook aan ons eie Predikant en Godsdienaar, wat vir ons van onskatbare waarde is. Marnette, jou gemeente by Rietvallei sê baie dankie.

As ons nie sulke wonderlike lede by Rietvallei gehad het nie, sou ons ook nie so 'n lekker Rietvallei gees gehad het nie. 'n GROOT DANKIE aan almal, groot en klein.

Ons jeug en jong klomp, baie dankie vir jul meelewendheid en samewerking. Partykeer wens ek net julle wil nie so vroeg op 'n Saterdagoggend al opstaan nie.

Laaste maar nooit die minste nie, wil ek ons Hemelse Vader, en Here dank vir krag en gesondheid, veiligheid en die vermoë om maandeliks te kan kamp en deel van Sy skepping te wees.

Klaus se vele fasette





Tjaart Klaasen tree AAN

Hallo al die Rietstok lesers

Nou ja, kom ons begin by die begin, met 'n paar

hoogtepunte sedert AJV 2010:

- Rietvallei en sy lede het gekamp (in die wonderlike natuur), saam gekuier en elke keer geleenthede gehad om ons Christenskap uit te leef. Hier bedank ons die boodskappers wat die Boodschap gebring het (ons eie asook besoekendes) asook al ons gewillige kampkommandante
- Die Senior Burger saamtrek te Nkwe, waar lekker gekuier, dagliggedans (is dit 'n nuwe woord of net vir Rietvallei gebruik?) asook geëet was – hierdie dag was ter bevestiging dat ons Senior Burgers KAN, ons sukkel nog net om vas te stel wat
- Rietvallei se 5 jaar viering, wat suksesvol en met styl deur die verkose komitee afgehandel was. Hier moet julle oom Neels vra om te verduidelik van sy en tannie Rina se weiering om in die ouetehuis te gaan bly – ek dink daar was 'n yskas betrokke of wat praat ek Oom Neels?
- Ons eerste Junior Burger saamtrek te Bosfontein, klein maar “getrain”.
- Ons pas afgelope suksesvolle AJV en hier het Rietvallei weer nuwe gesigte op die bestuur gekry. Ons verwelkom Lucille vd Berg, Marietjie Klaasen, Hans Koekemoer en Wayne Botha. Saam met jul sal ons net kan voortbou op dit wat reeds in net meer as 5 jaar bereik is – SUKSES
- Heelwat gaste was in die tydperk verwelkom terwyl hul saam met ons gekamp het

Tussenin was nog verskeie hoogtepunte, maar eintlik was (en is) elke naweek 'n hoogtepunt, met nuwe oorde op die program (Barham Bay en De Voetpadkloof wat nog wag). Ons gaan dus die jaar afsluit by De Voetpadkloof en ek nooi elke Rietvalleier om die kamp by te woon. Dit gaan 'n spesiale afsluiting wees vir oud en

jonk, groot en klein en ons eie feeskomitee sien uit om julle daar te onthaal.

Laagtepunte die afgelope 12 maande was beslis die lewensverlies van sekere van ons lede terwyl siekte en pyn ons ook nie gespaar was nie. Met talle gebede en goeie wense is ons ook daardeur, dankie ook aan elkeen wat deelgeneem het aan die toewens van hierdie goeie wense. Soos Klaus al voorheen geskryf het, mag ons die afgestorwenes nie vergeet nie, want elkeen van die lede het hulle eie besonderse bydrae in die streek gemaak en het ons net aangename herinneringe van hulle.

Heelwat lede was intussen op verskeie SAWA en privaat toere of net lui-lekker met verlof, dié stories hoor jy baie maklik as jy tussen die woonwaens beweeg.

Met net nog twee kampnaweke oor vir 2011, is ons alweer op die vooraand van nog 'n eksamen tydperk, jaarafsluiting, Kersfees en nuwe jaar vieringe. Kom ons vra dat dit ook met ons goed sal gaan.

Gaan besoek gerus ons webtuiste vir artikels oor die meeste van bogenoemdes!

<http://www.sawa.org.za/?Task=system&CategoryID=26528&HeadingText=Rietvallei>

Bedankings is daar baie, maar in besonder, Klaus en Trix, vir jul harde werk die afgelope paar jaar. Ook dankie aan die lede vir die vertroue wat julle in ons as Rietvallei bestuur stel, ons sal poog om voort te gaan om jul streek tot die beste van ons vermoë te lei.

Terwyl ek die stuk skryf, speel daar iewers in die wereld 'n liedjie – ***Welke vriend het ons in Jesus . . .***

Groete
Tjaart.

Rietvallei Bestuur 11/12

Voorsitter

Tjaart Klaasen
082 785 6895
tjaartik@absa.co.za

Ondervoorsitter

Hennie Engelbrecht
082 601 5914
henniee@netactive.co.za

Penningmeester

Lucille van den Berg
082 784 8528
lucilleVa@Nedbank.co.za

Sekretaris

Marietjie Klaasen
072 423 6445
mmklaasen@gmail.com

Redakteur

Elsabé Grobler
082 799 1645
groblerje@absamail.co.za

Addisionele lid

Wayne Botha
082 607 0928
wayne@witklippies.co.za

Senior Burger

Verteenwoordiger

Margriet van den Berg
082 586 0480
wavdberg@telkomsa.net

SAWA Webblad:

www.sawa.org.za

Inhoudsopgawe

- Klaus Lübbert tree UIT
- Tjaart Klaasen tree AAN
- Pitkos – Gebrande Roosterbrood
- Kampnuus
 - Junie - Bosfontein
 - Julie - Manyane
 - Augustus - Eastco
- Lief & Leed
- Senior Burger Hoekie
- Goue Gedagtes
- In Herinnering
- Kleilat
- Nuus vanaf Rietvallei Bestuur
- Knuppel Dik
- Lekker Lag
- Kampprogram 2011



The Real Meaning of Words

LOVE



DEPARTURE



Red 😊

Pitkos

Gebrande Roosterbrood


Toe ek nog 'n jong meisie was, het my ma soms daarvan gehou om "ontbyt kos" te maak vir aandete. Ek onthou een aand in besonder toe sy weer na 'n lang, harde dag se werk ontbyt kos vir aandete gemaak het.

Daardie aand het my ma 'n bord met eiers, worsies en besonder erg gebrande roosterbrood voor my pa neergesit. Ek onthou dat ek intens gesit en wag het om te sien of iemand die gebrande roosterbrood gaan opmerk of iets sê daaroor!

Maar al wat my pa gedoen het was om sy roosterbrood te neem, vir my ma te glimlag en my te vra hoe my dag by die skool was. Ek kan nie eens onthou wat ek hom daardie aand geantwoord het nie, maar ek kan baie goed onthou hoe ek hom dopgehou het terwyl hy botter en konfyt op die roosterbrood gesmeer het en die laaste krieseltjie opgeëet het.

Toe ek van die tafel af opstaan daardie aand, onthou ek hoe ek gehoor het my ma verskoning maak aan my pa vir die gebrande roosterbrood. Ek sal nooit vergeet wat hy aan haar gesê het nie: "Liefie, ek hou van gebrande roosterbrood."

Later die aand het ek gegaan om vir Pa goeienag te soen en hom gevra of hy regtig van gebrande roosterbrood hou. Hy het my in sy arms omhels en gesê, "Miemie, jou ma het 'n harde dag se werk agter die rug en sy is regtig baie moeg..... en 'n bietjie gebrande roosterbrood het nog nooit iemand doodgemaak nie!"



Bosfontein Jeugnaweek ~ Junie 2011



Die naweek van 10 Junie het 7 waens (insluitend een besoeker) op Bosfontein toegesak vir die eerste Rietvallei Jeugnaweek. Dit was duidelik dat die koue weer van die vorige week sy tol geeis het met die meeste waens wat eers laat die middag opgedaag het.



Aangesien dit 'n Jeugnaweek was, het die kinders sommer vinnig oorgeneem. Denise het gou-gou 'n staanplek gekies, en sommer self die karavaan 'ge-level'.

Richard het 'n makliker taak gekies en het elke wa by die hek welkom geheet. Later die aand het die kinders die vetkoek en maaltjies verkope hanteer, en Diandrie van Bosfontein het sommer spontaan ingespring en gehelp. Selfs met die boekevat het sy haar deel gedoen. Die kleintjies het met slegs 'n paar minute se oefening die lofliedere tydens die boekevat gesing terwyl die groter kinders die skriflesing en gebed gedoen het.

Later die aand het die kinders gedoen wat hulle die beste doen - speel, terwyl die grootmense gedoen het wat hulle die beste doen - kuier.



Vroeg Saterdagoggend het Jacques sommer 'n speletjie uitgedink, en die kinders lekker laat rondhardloop om van die oortollige energie ontslae te raak.

Die boeresport in die pad, het met aartappel-in-die-lepel-loop afgeskop. Na 'n paar instruksies het die kinders vinnig besef dit is moeiliker as wat dit lyk. Die kleintjies het vinnig 'n plan gemaak en sommer die aartappel met hulle duim op die lepel vasgedruk.



Die 3-beenresies was darem makliker om te verstaan en die tieners het vinnig spanne gemaak en ingeval. Daarna was daar nog sakresies en toutrek, net om seker te maak hulle is heeltemal poegaai.



Vir die middag se koek en tee het die kinders *cupcakes* versier. Hulle was getooi in allerhande kleure versiersuiker en met balletjies en sterretjies besprinkel.



Tydens die aand se boekevat het die kinders almal vermaak met die sing van liedjies soos 'Stapsoldaatjie' en 'Hy hou die hele wereld'. Die dag is met 'n gemeenskaplike braai en kuier om die vuur afgesluit.



Sondagoggend het Annemarie en haar suster, Corne, die erediens in die vorm van 'n poppekas gehou. Angelique het sommer ook ingespring en die kinders gehelp met die liedjies.

Na ontbyt was niemand lus vir oppak nie en almal het gesit en kuier terwyl die kinders in die agtergrond kaartjies gemaak het.



Hierbo is 'n paar van die kaartjies wat deur die kinders gemaak is: Teen laatmiddag het die waens een vir een begin huiswaarts keer en dit was die einde van nog 'n lekker saamkuier naweek.

Manyane : Julie 2011

Uitnodigingsnaweek

Maandagoggend die 25ste Julie 2011 het aangebreek en daar is met groot afwagting weggetrek om mekaar langs die pad te ontmoet, sodat daar saamgery kon word na Manyane. Daar aangekom was dit n geskarrel om die regte staanplek te kry, aangesien die staanpleknommers deurmekaar was, maar uiteindelik het almal hul plekke gekry. Aangesien dit koud en winderig was, het Ben en Alta besluit om hul vol tent op te slaan vir 'n lekker kuierplek vir almal van Rietvallei wat vroeër gaan kamp het.

Sommer dadelik moes ons regstaan om ape en later bobbejane te verwilder wat met mening op ons toegeslaan het. Fritz was die eerste wat van sy kosvoorraad aan die ape moes afstaan. Later het almal maar deurgeloop. Selfs Hannelie moes bontstaan toe 'n bobbejaan haar vasgekeer het om haar kos af te vat.

Daar was natuurlik elke aand gebrui waarna almal vir die koue na Ben se tent gevlug het om daar gesellig saam te eet en verder te kuier. Met Fritz se gasverwarmer wat die plek baie aangenaam verwarm het, en oom Willem wat ons soos gewoonlik verras het met vertellings van sy ervaringe van sy jong- en grensdae.

Dinsdagaand is daar besluit om potjiekos te maak en 'n kompetisie daarvan te maak. Met die heerlike geure van alles wat baie sorgvuldig in die swart driepootpote aanmekeer geslaan was, het die dames heerlik gesit en brei. Nadat die potjiekos reg was vir al die honger mae, was dit aan Alta opgedra, onder leiding van oom Neels, om die wenner potjie aan te wys - wat natuurlik Wim was OF was dit nou Fritz OF Ben? Kan nie meer onthou nie want almal se potjies was ewe lekker.

Die naweek het baie aangenaam verloop en na Sondag se boekevat is daar heerlike etes voorberei waarna daar baie traag opgeslaan is.

Deur: Alta van Eeden

Watter POTVRIEND/IN is jy?

Die **PAPPOT** - Jy staan rustig in mense se lewe en prut en jou vriende koester jou;

Die **RYSPOOT** - Jy is aan die gang en skinder graag. As iemand sy rug draai, borrel jy oor;

Die **DRUKKOKER** - Jy kan baie vat en jy deel mildelik aan baie uit, maar as dinge opbou, sal jy oopbars;

Die **PAN** - Jy is oop en vriendelik. Wat mense sien, is wat hulle kry. Boonop steek jy 'n lang arm uit om te help.

Gelukkig is daar vir elke potvriend/in 'n plek op jou rak.

Eastco ~

Augustus 2011



Met talle voorafgaande e-posse wat heen en weer gestuur is deur Rietvallei se bestuur, besluite wat geneem moes word aangaande toekennings; nominasievorms wat ge-in moes word vir bestuursposte wat vakant geraak het; ens ens ens het die naweek aangebreek nog voor ons kon sê ... mes. Vir Johann en myself het dit tóg lekker tóg vreemd gevoel om só naby aan ons huis te kamp. Oudergewoonte het ons heerlik ry-ry gekuier toe ons skielik die afdraaipad na Eastco kry.

Daar aangekom het die meeste al opgeslaan en was daar oraloor „n gekuier tussen die waens. Met die son wat begin water trek, en met sy mooiste Afrika kleure spog, het almal nader gesit vir die aand se heerlike saamkuier. Met die nuwe instelling van saambraai op „n Vrydagaand het Klaus en Anet ons bederf met pap-en-sous. Sieg het

hand bygesit en gesorg dat die vure hoog brand vir die aand se saamkuier. Na boekevat het die koue gesorg dat almal gaan skuiling soek óf vroeg inklim.

Saterdagoggend is daar vroeg opgestaan en die wat nog nie kans gekry het om die AJV stukke deur te werk nie, het dit gou-gou gedoen. Om 10 uur het almal bymekaar gekom en is daar in alle erns met Rietvallei se jaarlikse vergadering begin. Gedurende die vergadering was daar oomblike van erns, vrolikheid asook trane en diepe gevoelens wat gedeel is. Oom Willem het gesorg vir die diep oomblik toe hy tydens die opening sy lewens-“motto” sowel as „n gebed vir „n senior burger voorgehou het (sien die gebed aan die einde van artikel) en tannie Rina het ons na ons sakdoeke laat gryp toe sy Rietvallei bedank vir die nabye familie wat Rietvallei se lede vir haar en oom Neels is. Die nuwe bestuur is aangewys en 2012 se kampprogram is gefinaliseer.

Dit alles het in „n oogwink gebeur en daarna kon ons heerlik almal met „n worsbroodjie en ietsie te drinke saamkuier, waarna die naweek se rus in alle erns begin het.

Willem van Rensburg het almal wat 4x4's het nader getrek om later die middag hul vernuf te gaan toets. Dit was „n suksesvolle uitstappie wat vir sommige van die manne „n eerste was en vir „n ander was daar „n hartseer einde toe hy moes toekyk hoe sy duurbetaalde “valel” daarmee heen is.

Sondagoggend is daar lui-lui opgestaan maar die sonnetjie het vinnig gesorg dat daar uitgesien word na die somer met sy warm dae. Ds Marnette het ons soos oudergewoonte op die punt van ons stoele laat sit met haar treffende boodskap en ek haal aan: “*Geluk het heeltemal niks te make met wie jy is of wat of hoeveel jy het nie – dit gaan slegs oor wat jy dink*”.

Treffend was dit beslis! Na die erediens waarin ons DISCO jeuggroep (Dit Is Sonder Christus Onmoontlik) ook van hulle laat hoor EN sien het, het ons onself onder die bome sit gemaak by „n tafel met die heerlikste eetgoedjies. So „n gesamentlike tafel is vol sonde!

Die middag het oudergewoonte gesorg vir luilekker kuiers wat so lank moontlik uitgerek is alvorens daar opgeslaan moes word – die minder lekker deel van die naweek.

„n Baie groot dankie aan elkeen - van die jongste tot die oudste - wat bygedra het tot nog „n suksesvolle kuirnaweek en AJV vir Rietvallei.



Hier word gekuier na nog 'n suksesvolle Rietvallei AJV



*Die manne raak weer
seuns.....*





Lief & Leed

Lief:

- ❖ Baie geluk aan **Chris en Nellie Stander**, wat oupa en oma gaan word. Hul oudste dogter Chantelle en skoonseun Dirk Venter verwag hul eersteling in 2012;
- ❖ Baie geluk **Ben en Alta van Eden**, wat ook een van die dae oupa en oma gaan word;
- ❖ Baie geluk aan **Linda van Vuuren**, wie se jongste dogter Petro, geboorte geskenk het aan 'n baba dogterjie op 1 September – 'n lente baba.

Leed:

- ❖ **Wayne Botha** se moeder is op Woensdag 14 September oorlede. Ons innige meegevoel aan julle as gesin.
- ❖ **Alta van Eden** se swaer is Saterdag 10 September oorlede na 'n lang siekbed – ons simpatie met die gesin en familie.
- ❖ **Joan Reitz** het gegaan vir roetine ondersoek waarna sy intussen verwys is na die borskliniek vir behandeling.
- ❖ **Daan van der Berg** is op 27 September geopereer vir heupvervanging. Die dokters is tevrede met sy vordering. Daan is Maandag 3 Oktober weer ontslaan en sterk goed aan by die huis. Volgens Elize kom hy goed reg met krukke en 'n loopraam.

Seniorburger Soekie

Oom Willem se lewens-“motto”...

GEBED

Bewaar ons, O Here, van kleinlikheid;

Laat ons groot wees in gedagte, woord en daad.....;

Laat ons foutvindery vermy en waak teen alle selfverheerliking.....;

Mag ons alle skyn vermy en mekaar eerlik in die oë kyk sonder selfbejammering en vooroordeel.....;

Mag ons traag wees om te oordeel en altyd grootmoedig.....;

Leer ons om ons beter neiginge eerlik en vreesloos in beoefening te bring.....;

Help ons om nie gejaagd te wees nie; om toe te neem in rustigheid, waardigheid en sagsinnigheid.....;

Gee dat ons mag besef dat dit die klein dingetjies is wat verdeel; dat ons in die groot dinge van die lewe een is.....;

Mag ons strewe om die groot algemeen menslike hart te raak en te ken; en O Here ons God, laat ons nooit nalaat om minsaam te wees nie....

Vertaling: Dr FC O'B Geldenhuy

Goue Gedagtes

1. 'n Hart vol haat het geen ruimte vir liefde nie -Anoniem
2. Daar is drie kernbestanddele vir geluk: iets om te doen, iets om lief te hê en iets om voor te hoop – Joseph Addison
3. Die moeilikste verhouding wat jy ooit sal hê, is die een met jouself -Anoniem
4. Die pad na 'n vriend se huis is nooit te lank nie – Deense gesegde
5. Ons bepaal ons lot deur die keuses wat ons maak, maar dink nie genoeg oor die kanse wat ons kan waag nie – Gloria Estefan
6. Om aan verwyf te klou, is soos om gif te eet en te wag dat die ander persoon eerste sterf - Anoniem
7. Jy kan nie die golwe keer nie, maar jy kan leer branderplank ry -Anoniem
8. Wanneer jy nie die goed in iemand anders kan raaksien nie, lê die fout by jou - Anoniem
9. Moenie bang wees dat jou lewe gaan eindig nie, wees bang dat dit nooit gaan begin nie – Grace Hasen
10. Om te vergewe maar nie te vergeet nie, is soos om die strydbyl te begrawe terwyl die handvatsel nog uitsteek – Anoniem
11. Die waarde van ervaring lê nie in hoeveel jy sien nie, maar die wysheid waarmee jy dit sien -Sir William Osler

In Herinnering:

PHILIP VAN JAARSVELDT

Baie dankie vir al die ondersteuning tydens ons pa se afsterwe. Ons is so dankbaar vir elke sms, oproep, besoek en veral gebede. Daar is geen manier hoe 'n mens hierdeur kan kom sonder ondersteuning van ander mense nie. Ons is so dankbaar om elkeen van julle in ons lewens te hê!

Ons sal julle omgee altyd in ons harte bewaar.

Liefde

Ma Sanet, Hilda, Heinrich, Peet, Cynthia
& Kinders



Kleilat

sudoku


9	8	6	3		2	1		7
2		1			4			3
		4	7		1	2	9	6
				7	8		3	5
	6				3			4
5			1					
8	9	5	2				6	
				1				
4					6	7	5	9

woOrdSpeL

N	E	T
E	M	E
R	E	L

Hoeveel woorde van 4 of meer letters kan jy uit die gegewe letters saamstel? Elke letter in die blokkies mag net een keer in 'n woord voorkom. Elke woord moet die letter in die ingeleurde blokkie bevat en daar moet minstens 1 woord met 9 letters wees.

Sien oplossing op laaste bladsy



giraffe



springbok


Leer hoe om 'n perd te teken.



1



2



3



3



4



5

Nuus vanaf Rietvallei Bestuur en andere

❖ **AJV TERUGVOER:**

Voorgestelde Kampprogram 2012 vir Rietvallei

18 – 19 Januarie Monateng Snr Burgers

20 – 21 Januarie Monateng

24 – 25 Februarie Liracia

23 – 24 Maart Drie Berge

4 – 5 Mei Weesgerus

20 – 21 Julie Bosfontein

10 – 11 Augustus Tamboti Vreugde (AJV)

7 – 8 September Kaia Manzi

17 -18 Oktober Mopani (Snr Burgers)

19 – 20 Oktober Mopani

9 – 11 November Klein Paradys

Let asb daarop dat dit 'n **voorgestelde** 2012 Kampprogram. Die finaal goedgekeurde program sal later gekommunikeer word

Die **kerkkollekte** (R6 000) word aan Horison Sorgsentrum geskenk.

Kongresafgevaardigdes – Tjaart & Marietjie Klaasen, Hennie & Annemarie Engelbrecht word bygestaan deur Neels & Rina de Klerk asook Willem & Martie Momberg.

Die ontwerp van die **kanselkleed** is gekies en Ds Marnette sal reël vir die borduur daarvan.

'n Komitee onder leiding van Hennie Engelbrecht sal 2011 se **jaareindfunksie** reël. 'n Groot dankie aan Willem Momberg vir sy mildelike skenking.

100% bywoning toekennings word aan Jaco & Trix van den Berg, Reinier & Lucille van den Berg asook Tjaart en Marietjie Klaasen gegee.

❖ **Leisure Lifestyle Versekering**

SAWA het met Leisure Lifestyle 'n unieke woonwa versekeringskema ontwerp. Beter diens, direkte kontak asook beter tariewe word voorgehou.

Ondergenoemde kan op die SAWA webblad afgetrek word

- Agtergrond blad
- Aansoekvorm

In kort die volgende voordele:

- Dek woonwaens, veldwaens, veldsleepwaens en motorwoonwaens
- Daar is 2 opsies om van te kies nl
 - SAWA Prestige – Volle omvattende dekking met inhoudsdekking van R30 000 asook voordeel vir padlangshulp (sleepvoertuig asook wa) met geen bybetalings
 - SAWA Status – goedkoper opsie vir volle omvattende versekering alleenlik

Vir 'n kwotasie, kontak Annelize Louw (012 430 9725 of 0861 868 765).

❖ **Solidariteit se Helpende Hand projek** benodig bydraes. Ons versoek lede asb om enige item(s) saam te bring kamp toe (of indien dit te groot is kan vervoer gereël word). Items wat benodig word is onder andere, Bybels, klere, onderklere, komberse, linne en kussings, handdoeke, tandepasta, seep ens asook nie-bederfbare kos, gereedskap ens.

❖ Rietvalleier(s) van die Jaar 2011:



Ons “**Rietvalleier van die Jaar 2011**” toekenning word toegeken aan die **Senior Burgers van Rietvallei**. Ons senior burgers het hard gewerk tydens kampe, veral die Nkwe kamp gedurende Maart 2011. Foto bo: Die **Rietvalleier van die Jaar** trofee word in ontvangs geneem deur Oom Neels (links) en Oom Willem (regs) met Trix van den Berg (middel), in die afwesigheid van Margriet van den Berg, senior burger verteenwoordiger.

❖ Rietvallei se Kanselkleed:



Ons kanselkleed is pragtig splinternuut met 'n simboliese samevatting van ons Christenwees: **Sentraal is die kruis**. Dit verteenwoordig Jesus Christus, ons Verlosser, ons Koning. **Die kerk gaan oor Hom**. Ons eredienste wil fokus op Hom en uiteindelik wil ons totale menswees fokus op Hom. Hy wil so sentraal in elkeen van ons se lewe staan.

Aan die basis van ons simbool, is **die Bybel as Woord van God**. Die Skrif is die basis van waaruit ons ons Verlosser en Koning leer ken, sy Wil leer ken en ons lewens rig.

Agter die kruis is **die wêreld**. Dit sê twee baie belangrike dinge: Ons behoort, in die eerste plek, deur die Kruis (m.a.w. deur die Liefde van Jesus) na die wêreld te kyk; en tweedens behoort ons as gevolg van ons verbintenis aan die Kruis, op die wêreld gerig te wees, in en deur Sy liefde. Mag bogenoemde nie net 'n mooi prentjie wees met mooi woorde nie, maar werklik tekenend van elkeen van ons Rietvalleiers se lewe. *Ds Marnette JvRensburg*



Lente mengelslaai

Ek sou kon doen met 'n lemoen.....

Vergeet 'n slag van komkommer en tamatie en maak dié heerlike slaai vol kleur en tekstuur.

Jy benodig

- 1 pak vars roketblare
- ½ pakkie geroosterde pekanneute
- 2 lemoene
- ½ pakkie droë pere
- 2 wiele feta kaas
- olyfolie
- balsamiek asyn




Só maak jy

- Skeur die blare rofweg, sit dit in 'n slaibak en drup olyfolie en asyn oor.
- Sny die een lemoen in wiggies, die pere in repies en die feta in blokkies en rangskik dit bo-op die blare.
- Strooi die neute bo-oor.
- Sny die ander lemoen oop en druk genoeg sap na jou smaak oor die slaai uit.

Lekker Lag

Nuwe betekenis vir rugby:



Kampprogram 2011



WANNEER	WAAR	KAMPKOMMANDANTE
14 – 15 Januarie	Mopani	Frits & Tanya Kroon Jaco & Trix vd Berg
25 – 26 Februarie	Barham Bay (Witbank)	Jacques & Diana Fourie Chris & Nellie Stander
23 – 24 Maart	Nkwe	Senior Burgers
25 – 26 Maart	Nkwe	Senior Burgers
20 – 21 Mei 2011	Monateng (Molotopad)	Rietvallei Feesvieringskomitee
10 -11 Junie	Bosfontein (Warmbad)	Chris & Lizette Schulte
26 – 28 Julie	Manyane (Pilansberg)	Bosveld Uitnodigingsnaweek
29 – 30 Julie	Manyane (Pilansberg)	Bosveld Uitnodigingsnaweek
19 – 20 Augustus	EastCo (AJV) (Magaliesburg)	Bestuur
23 – 24 September	3 Berge (Brits)	Albert & Inge Gazendam
28 – 29 Oktober	Klein Paradys (Brits)	Ben & Alta van Eeden Tinus & Tersia Fourie
18 – 19 November	De Voetpadkloof	Bestuur



Kontak Bennie by **Benka Tent**, vir die vervaardiging van alle seilverwante kamptoerusting, asook die maak, herstel en/of aanpas van tente en seile.

Tel no. 079 527 3212

Rietstok Nuusbrief

Plasing van berigte, artikels, of enige ander bydraes of advertensies impliseer nie noodwendig dat dit die standpunt van Sawa of Rietvallei se bestuur is nie. Kommentaar en ander redaksionele artikels word deur die redakteur verantwoord.

Baie dankie aan almal wat bydra tot die nuusbrief - sonder julle vrolike kampe en bydraes kan daar nie 'n nuusbrief wees nie.

Stuur asb ALLE nuus asook fotos aan groblerje@absamail.co.za

Die Rietstok nuusbrief is ook beskikbaar op SAWA se webtuiste (www.sawa.org.za).

wOOrdSpeL opLosSinG

- | | | | |
|--------------|------------|-----------|----------|
| 1. Elementêr | 2. element | 3. leemte | 4. trem |
| 5. meneer | 6. meter | 7. nemer | 8. temer |
| 9. leem | 10. meel | 11. meen | 12. meet |
| 13. neem | 14. teem | 15. term | |